Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kennis-en-inligtingsbestuur

Verwysing: 20210310-1510
Lêerno: 8/1/8/5/1
Navrae: Z. Jones

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0005/2021

Aan: Superintendent-Generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor), Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, en Hoof-registrasieklerke (Hoofkantoor)

Onderwerp: Gebruik van die jTrack-lêeropsporingstelsel

1. **Inleiding**

1.1 Die jTrack-lêeropsporingstelsel is in Maart 2007 aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) bekendgestel en het die vorige elektroniese lêeropsporingstelsel waarna in Minuut DLS/0014/2007 van 15 Augustus 2007 verwys is, vervang.

1.2 Die jTrack-stelsel is 'n elektroniese lêerregister vir die fisieke lêers wat binne alle registasies van die WKOD geskep is en gebruik word. Die stelsel bied 'n stel moniterings- en verslagdoeningsinstrumente wat maklik is om te gebruik en wat dit vir WKOD-gebruikers moontlik maak om die fisieke beweging van lêers na te spoor sowel as om lêers binne 'n bepaalde gebruikersomgewing te plaas.

1.3 Die jTrack-stelsel bestaan uit parameters wat eie is aan die verskillende registrasies se omstandighede en elke transaksie word met die tyd en datum gestempel. Dit dra inligting oor die opsteller en die ligging van die fisieke lêer oor en as sodanig is die jTrack-stelsel 'n ouditeerbare bestuursinstrument binne die WKOD.

1.4 Die jTrack-stelsel maak dit moontlik vir amptenare om onmiddellik vas te stel waar 'n lêer is en is 'n doeltreffende ouditspoor om die manier waarop WKOD-rekords geskep en beheer word, te bestuur. Dit verseker dat betroubare rekords as bewys van amptelike sakeverrigting mettertyd gehandhaaf word, met aanspreeklikheid, operasionele kontinuïteit, rampherstelling en inrigtingsherinnering as doel daarvoor.

1.5 Alle amptenare wat by die WKOD se Hoofkantoor werk, **moet die jTRACK-stelsel gebruik** wanneer lêers vanaf die verskillende registrasies aangevra, ontvang en na hulle weggestuur word, asook wanneer lêers na kollegas en ander amptenare gestuur word, sodat dit moontlik vir die WKOD is om 'n geskiedenis oor die beweging van al sy amptelike lêers op te stel.

2. Gebruik van die jTRACK-stelsel

2.1 Nuwe gebruikers moet die registrasievorm, wat as **Bylae A** aangeheg is, invul.

2.2 Die volgende skakel kan gebruik word om op die jTRACK-stelsel aan te teken, http://jtrack.pgwc.gov.za/test_edutrack/. Die jTRACK-stelsel word ook op 'n bladsy van die MyGov-stelsel via https://mygov.westerncape.gov.za/systems verteenwoordig.

2.3 Gebruikers moet hulle wagwoorde veilig bewaar aangesien hulle aanspreeklik gehou sal word vir enige dade wat verrig word wanneer hulle op die jTRACK-stelsel aangeteken het.

2.4 'n Lêer kan elektronies aangevra word via die "request/pend"-opsie op die jTRACK-stelsel om beperkte kontak toe te laat en te verseker dat registrasies en hulle kliënte aan COVID-19-rigyne voldoen.

2.5 Die jTRACK-stelsel se gebruikershandleiding, wat as Bylae B aangeheg is, is deur die Subdirektoraat: Rekordbestuur in samewerking met die verskillende registrasiekantore hersien, om departementele nakoming van sy elektroniese register van oop lêers te verseker.

2.6 Indien daar enige probleme met die jTRACK-stelsel ondervind word, kan daar met die volgende amptenare in aanraking gekom word:

Direktoraat	Amptenaar en kontakbesonderhede
Alle direktorate en uitvoerende kantore van die WKOD, behalwe: • direktorate van Mensebestuurspraktyke; • direktorate van Finansiële Bestuur; en • die direktoraat van Interne Beheer.	Me. Estelle Vos Telefoonno.: 021 467 2756 e-Posadres: Estelle.Vos@westerncape.gov.za Me. Myrna Dirks Telefoonno.: 021 467 2756 e-Posadres: Myrna.Dirks@westerncape.gov.za Me. Zandile Ntombela Telefoonno.: 021 830 7704

	e-Posadres: Zandile. Ntombela @westerncape.gov
Hoofregistrasie (6de verdieping, Grand Central)	Me. Nolitha Habe Telefoonno.: 021 467 2496 e-Posadres: Nolitha.Habe@westerncape.gov.za
Finansiële Bestuur Interne Beheer (Registrasie van Finansies) (7de verdieping, Grand Central)	Me. Chantelle van Heerden Telefoonno.: 021 467 2283 e-Posadres: Chantelle.Vanheerden@westerncape.gov.za
Mensebestuurspraktyke (MH-registrasie) (11de en 10de verdiepings, Grand Central)	Me. Bukeka Mahashe Telefoonno.: 021 467 2398 e-Posadres: Bukeka.Mahashe@westerncape.gov.za Me. Thalia Warner Telefoonno.: 021 467 2406 e-Posadres: Thalia.Warner@westerncape.gov.za Me. Yolanda Onverwacht Telefoonno.: 021 467 2398 e-Posadres: Yolanda.Onverwacht@westerncape.gov.za
Registrasie van Werknemersverhoudinge (17de verdieping, Goue Akker)	Me. Yolanda Peregrino Telefoonno.: 021 467 2425 e-Posadres: Yolanda.Peregrino@westerncape.gov.za

3. **Terugstuur van lêers voordat daar na die nuwe WKOD-gebou verhuis word**

3.1 Alle amptelike strepieskode-lêers moet na die verskillende registrasies tussen 15–31 Maart 2021 teruggestuur word, soos amptenare hulle kantore ontruim om na die nuwe WKOD-gebou (voorheen as die ENS-gebou bekend) te verhuis.

3.2 Versoeke om noodsaaklike administratiewe lêers by personeel by die nuwe gebou te hou, sal beperk word tot agt lêers per amptenaar wat in-/uitgeteken moet word by die nuwe gebou se registrasie. Enige afwykings op hierdie lêerbeperking moet per e-pos aan die WKOD-rekordbestuurder, me. Zaytoen Jones by zaytoen.jones@westerncape.gov.za gestuur word.

4. Amptenare se hulp om toe te sien dat alle amptelike strepieskode-lêers teruggestuur word en dat daar voortgegaan word om die jTRACK-stelsel by die nuwe gebou doeltreffend te gebruik, sal hoog op prys gestel word.

5. Bestuurders/toesighouers word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle amptenare te bring.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2021-04-06